

BESIGHEIDSTUDIES

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 11 Mei 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLIMPIADE- GRAAD 11

BESIGHEIDSTUDIES

KIES DIE MEES KORREKTE OPSIE VIR VRAE 1 TOT 30.

INVLOED OP EN BEHEERFAKTORE WAT DIE BESIGHEIDSOMGEWINGS BEÏNVLOED

1. Die fiskale beleid van die regering is 'n voorbeeld van die _____ omgewing.
 - A interne
 - B mikro-
 - C mark-
 - D makro-

2. Watter ondernemingsfunksie moet die produk, prys, plek en promosies in die organisasie in ag neem?
 - A Aankoopfunksie
 - B Finansiële funksie
 - C Bemerkingsfunksie
 - D Algemene bestuursfunksie

3. Watter een van die volgende scenario's word nie beskou as 'n uitdaging vir die markomgewing waarin Woolworths bedryf word nie?
 - A 'n Advertensieveldtog deur Pick n Pay en gesamentlike poging (joint venture) met Discovery Health om gesonde eetgewoontes te bevorder.
 - B 'n Gebrek aan kommunikasie tussen topbestuur en laevlak-bestuur m.b.t. 'n nuwe salarisstruktuur.
 - C Veranderinge in die demografiese struktuur van die teikenmark.
 - D Gewilligheid van verskaffers om te onderhandel oor veranderinge in die prys van grondstowwe.

4. Evalueer of die volgende uittreksel as 'n missie- of visiestelling geklassifiseer kan word.

Ons opvoedkundige organisasie samel fondse in om veilige skole van hoë gehalte in minderbevoorregte gemeenskappe te bou sodat elke kind toegang het tot die gehalte onderwys wat hulle verdien. Ons organisasie sal voortgaan met ons missie totdat ons die lewens van elke kind wêreldwyd aangeraak het en hulle toegang het tot hoë gehalte onderwys en hulle toegerus is met die kennis en vaardighede wat benodig word om veranderingmakers (change-makers) binne hul gemeenskappe te wees.

- A Gekombineerde missie- en visiestelling.
- B Visiestelling.
- C Missiestelling.
- D Geeneen van die bogenoemde nie.

UITDAGINGS IN BESIGHEIDSOMGEWINGS

5. Watter een van die volgende kan as 'n sosio-ekonomiese uitdaging geklassifiseer word?
- A 'n Toename in die rentekoers.
 - B 'n Toename in inflasie.
 - C 'n Toename in werkloosheid.
 - D 'n Toename in belasting.
6. Op 1 April 2022 het die korporatiewe belastingkoers in Suid-Afrika:
- A tot 27% afgeneem.
 - B onveranderd gebly teen 28%.
 - C tot 29% toegeneem.
 - D tot 30% toegeneem.
7. Die aandelepryse op die JEB (JSE) word bepaal deur:
- A aanbod en aanvraag.
 - B die Rand/Dollar wisselkoers.
 - C inflasie.
 - D aandelermakelaars.
8. Vir baie besighede het toegang tot internasionale markte makliker geword met die bevordering van:
- A vervaardigingstelsels.
 - B etiese besigheidspraktyke.
 - C inligtingstechnologie.
 - D bemarkingsprosedures.
9. Handelsooreenkomste tussen lande kan besighede in staat stel om materiaal of komponente goedkoper in te voer. Dit is 'n voorbeeld van:
- A regeringwetgewing.
 - B ekonomiese bemagtiging.
 - C privatisering.
 - D globalisering.

AANPASSINGS BY UITDAGINGS IN BESIGHEIDSOMGEWINGS

10. 'n Probleemoplossingstegniek wat bestaan uit 'n groep mense wat almal idees bydra om 'n probleem op te los word _____ genoem.
- A die Delphi tegniek
 - B 'n dinkskrum
 - C 'n kragveld-ontleding
 - D die nominale groeptegniek
11. Die mees waarskynlike impak van 'n resessie op Pick n Pay is:
- A 'n toename in lone.
 - B 'n toename in personeelaflegging.
 - C 'n afname in dissiplinêre griewe.
 - D 'n afname in die werkgewer se bedingingsmag.
12. Volgens Bruce Tuckman se teorie van spandinamika is die meeste klein groepe geneig om 'n voorspelbare roete in hul aktiwiteite te volg. Kies die korrekte volgorde van hierdie aktiwiteite.
- A Vorming, normering, presteer, stormfase, ontbinding.
 - B Vorming, stormfase, presteer, normering, ontbinding.
 - C Vorming, stormfase, normering, presteer, ontbinding.
 - D Vorming, normering, stormfase, presteer, ontbinding.
13. Toe Rusland die Oekraïne aangeval het, het die Suid-Afrikaanse petrolprys tot nuwe rekordhoogtes gestyg. Dit sal tot 'n hoër inflasiekoers lei. Hoe kan 'n plaaslike organisasie hierdie uitdaging se impak bestuur?
- A Sluit die besigheid tydelik totdat die petrolprys gestabiliseer het.
 - B Voeg die bykomende vervoerkoste by die verkoopprijs sodat die kliënt die ekstra koste dek.
 - C Stop alle KSV projekte totdat die oorlog beëindig word.
 - D Vind 'n plaaslike verskaffer wat 'n soortgelyke produk teen 'n soortgelyke prys aanbied.
14. Alle besighede moet hul koolstofvoetspoor (carbon footprint) verklein. Watter een van die volgende sal die doeltreffendste manier wees om hierdie doelwit te bereik?
- A 'n Besigheid kan in 'n elektriese voertuig belê om die vragmotor wat hulle tans gebruik te vervang.
 - B 'n Besigheid kan 'n sonpaneel installeer om hul elektrisiteitsverbruik te verminder.
 - C Eerder as om plaaslik of oorsee vir besigheidsdoeleindes te reis, moet die besigheid probeer om aanlyn vergaderings te reël indien moontlik.
 - D Besighede moet die korrekte hoeveelheid belasting betaal.

IMPAK EN UITDAGINGS VAN KONTEMPORÊRE SOSIO-EKONOMIESE KWESSIES OP BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

15. Kies die korrekte stelling.
- A Etiese gedrag sal aan kulturele waardes gekoppel wees.
 - B Etiek beteken om volgens die wet op te tree.
 - C Om in besigheid sukses te behaal, moet jy onetiese gedrag miskyk.
 - D Dit word as oneties beskou om besigheid op die golfbaan of by enige sosiale geleentheid te doen.
16. Dui die moontlike gevolge aan indien bevolkingsgroei ekonomiese groei oorskry.
- A Hoër inflasie.
 - B Ondoeltreffende gebruik van menslike kapitaal.
 - C Onderaanbod van arbeid.
 - D Ooraanbod van arbeid.
17. Vodacom is baie betrokke by sport. Waarom het hulle by sport in Suid-Afrika betrokke geraak? Kies die opsie wat NIE pas nie.
- A Dit lei na beter handelsmerkherkenning.
 - B 'n Maatskappy se bestuur het 'n verantwoordelikheid teenoor aandeelhouders om wins te maksimaliseer.
 - C Dit is 'n manier om Suid-Afrikaanse sport en sportmense te bevorder.
 - D Dit bevorder die handelsnaam se reputasie.
18. Een van die grootste sosiale uitdagings vir Suid-Afrikaanse besighede is die bevordering van _____ in die werkplek.
- A menseregte
 - B gelykheid
 - C diversiteit
 - D al die bogenoemde
19. Watter een van die volgende KSV-projekte is die MEES volhoubaar?
- A Voedingskema.
 - B Skenking van komberse en klere.
 - C Vaardigheidsopleiding.
 - D Borgskap van 'n sportspan.
20. Hoe kan die sukses van 'n KSV-inisiatief gemeet word?
- A Bepaal of daar vooruitgang in die plaaslike gemeenskap was.
 - B Gebruik sleutelprestasieaanwysers (key performing indicators (KPIs)), soos byvoorbeeld die aantal boeke wat geskenk is om geletterdheidsvlakke in die gemeenskap te verbeter om voortdurend sukses te meet.
 - C Bepaal of daar 'n toename in die besigheid se wins was.
 - D Dit is nie moontlik om die impak van 'n KSV-inisiatief te meet nie.

BESIGHEIDSEKTORE

21. Watter een van die volgende sektore dra die meeste by tot Suid-Afrika se BBP?
- A Vervaardiging
 - B Landbou
 - C Mynbou
 - D Konstruksie
22. Privatisering is die term wat gebruik word wanneer:
- A 'n privaat maatskappy op die JEB (JSE) genoteer word.
 - B 'n publieke maatskappy op die JEB genoteer word.
 - C die staat openbare besighede aan die privaatsektor verkoop.
 - D die Minister van Finansies belasting op die privaatsektor verhoog.
23. Die volgende is 'n voorgestelde lys van besighede in die Primêre Sektor van die ekonomie:
- 1. Sappi
 - 2. Nedbank
 - 3. Aqua Monte Bottelingsaanleg
 - 4. De Beers
 - 5. I&J

Kies die korrekte kombinasie:

- A 1, 3 en 5
- B 1, 2 en 5
- C 1, 4 en 5
- D 3, 4 en 5

MANIERE OM BESIGHEDE EN MAATSKAPPYE AS 'N VORM VAN EIENAARSKAP TE BEKOM

24. Die eenaar of eenaars sal in hul persoonlike kapasiteit belasting betaal in die volgende vorms van eienaarskap:
- A Privaat maatskappy en publieke maatskappy.
 - B Beslote korporasie en vennootskap.
 - C Vennootskap en privaat maatskappy.
 - D Alleenhandelaar en vennootskap.
25. Definieer die term "onbeperkte aanspreeklikheid" soos dit met vorms van eienaarskap verband hou.
- A Sake-eenaars is nie vir hul besighede se skuld verantwoordelik nie.
 - B Sake-eenaars het regsbevoegdheid om ooreenkomste of kontrakte aan te gaan.
 - C Sake-eenaars is vir die besighede se skuld verantwoordelik.
 - D Sake-eenaars het geen regsbevoegdheid om ooreenkomste of kontrakte aan te gaan nie.

26. Watter van die volgende is nie 'n voorbeeld van 'n franchise nie?
- A KFC
 - B Wimpy
 - C Spar
 - D Starbucks
27. Die _____ bespreek die interne bestuur en organisasie van die besigheid en sluit, onder andere, inligting rakende aandele in.
- A besigheidsplan
 - B Memorandum van Assosiasie
 - C Akte van Inkorporasie
 - D prospektus
28. Watter aandeelhouers sal hul dividende laaste ontvang?
- A Stigtersaandeelhouers.
 - B Gewone voorkeuraandeelhouers.
 - C Kumulatiewe voorkeuraandeelhouers.
 - D Deelnemende voorkeuraandeelhouers.
29. Watter van die volgende is nie 'n kenmerk van 'n alleenhandelaar nie?
- A Beperkte aanspreeklikheid
 - B Beperkte voortbestaan
 - C Beperkte kapitaal
 - D Maklike bestuur
30. 'n Paar jaar gelede het jou aandelemakelaar jou geadviseer om aandele in Ecomove Bpk. te koop. Jy het baie geld in hierdie aandele belê en het 10% van die uitgereikte aandeelkapitaal besit. As gevolg van probleme met kontantvloei is Ecomove deur die hof insolvent verklaar. Wat kan jy as mede-eienaar van die besigheid as gevolg hiervan verloor?
- A Niks nie.
 - B Alles, insluitend jou persoonlike besittings.
 - C Die waarde van die aandele wat jy gekoop het.
 - D Slegs daardie bates wat ten tye van die insolvensie in jou naam geregistreer was.